KUNSKOORS

30 APRIL – 1 MEI
2027



TEATER

Beleef die beste produksies van internasionale gehalte, deur Kunskoors omskep in betowerende teater reise wat jou na Broadway en die West End mee te voer.



TUINKOORS

Pragtige omgewings inspireer vooruitstrewende gemeenskappe. In vennootskap met kundige landskapsargitekte moedig Tuinkoors inwoners aan om tuine in lewende kunswerke te omskep, wat dorpstrots en welstand vir almal bevorder.



DIE BOEKRAK

Waar woorde wêrelde oopmaak.
Die boekprogram inspireer denke en verbind generasies deur die krag van stories. Ontmoet Suid-Afrika se top-skrywers in 'n ontspanne atmosfeer en deel in die inspirasie, mense en lewenservarings agter hul skryfkuns.



KUNSKRONKEL

Ontdek uitsonderlike plaaslike kunstenaars wie se werk kers vashou met die wêreld se bestes. Reis in styl met die Kunskoets, ontmoet kunstenaars in hul ateljees, en geniet visuelekuns as 'n betowerende reis vir al die sintuie.



MUSIEK

Kunskoors bring tydlose meesterwerke binne almal se bereik. Ons bring wêreldklas musikante na ons dorp om te inspireer en die misterie van klassieke musiek vir almal toeganklik te maak.

BESPREEK HIER

Quicket

KUNSKOORS.CO.ZA

KUNSKOORS

BIED AAN

DIE ERFGENAME

Die Volgende Golf

Jeug-oseaankunsprojek · Skolehandboek
Een Oseaan
Baie Stemme, Een Toekoms



30 APRIL – 1 MEI

2027

JEFFREYSBAAI

KUNSKOORS.CO.ZA

WELKOM

THE KUNSKOORS-VISIE

Deur artistieke uitnemendheid, opvoeding en onvergeetlike ervarings bring Kunskoors die beste van die kunste na ons dorp. Dit inspireer denke, koester talent en verryk lewens oor ons hele gemeenskap.

DIE OSEAAN BEGIN BY ONS

Geagte Skoolhoofde, Onderwysers en Leerders

Stel jou 'n kind voor op die strand in Jeffreysbaai wat kyk hoe die golwe inrol. Onder die water lê 'n ander wêreld: walvisse en dolfyne, kelpwoude en geheime wat wetenskaplikes steeds ontrafel.

By Kunskoors glo ons kuns en wetenskap hoort saam.
Kuns help kinders om groot vrae te vra; wetenskap help hulle om die antwoorde te verstaan. Saam kweek hulle jongmense wat omgee vir die wêreld om hulle. Daarom is ons trots om u skool uit te nooi na Die Erfgename – Die Volgende Golf, die Kunskoors Jeug-oseaan kunsprojek 2027.

Dit is nie net 'n kunskompetisie nie. Dit is 'n leerreis vir elke leerder, elke onderwyser en elke vak en dit eindig met u leerders se werk wat saam met professionele kunstenaars by Kunskronkel 2027 uitgestal word.

Ons kan nie wag om die oseaan deur u leerders se oë te sien nie.
Soria Swart, Feesdirekteur, Kunskoors Jeffreysbaai

"Elke kind is 'n kunstenaar. Elke kunstenaar is 'n storieverteller. Elke storie kan die wêreld verander."



DIE OSEAANBELOFTE

Elke leerder lees en teken hierdie belofte voordat hulle met hul projek begin.
Die oseaan behoort aan niemand nie, en daarom behoort dit aan ons almal.
Vandag kies ek om meer as 'n kunstenaar te wees. Ek kies om 'n ontdekker, 'n leerder, 'n dromer, 'n skepper en 'n beskermer te wees.
Ek belowe om met nuuskierige oë na die oseaan te kyk, om te leer oor die wesens wat dit hul tuiste noem, en om te onthou dat elke keuse wat ek maak ons blou planeet kan help of skade aandoen.

Ek belowe om my verbeelding met moed te gebruik, om vrae te vra, om oplossings te soek en om ander te inspireer.
Selfs die kleinste daad kan groot golwe van verandering veroorsaak.

INSKRYWINGS FORM

NAAM: _____

SKOOL: _____

GRAAD: _____ DATUM: _____

KATEGORIE: _____

*Ts & Cs van toepassing. Vir verdere inligting of Navrae kontak Soria Swart: e-pos soria@kunskoors.co.za of WhatsApp: 082 684 4350.

DIE UITSTALLING

Regte kunstenaars, regte uitstalling
Daar is geen "junior uitstalling" nie. Gekose kunswerke word saam met professionele kunstenaars in die ses deelnemende kunsateljees uitgestal tydens Kunskronkel 2027, een van Kunskoors se kenmerkende uitstallings.
Die boodskap aan elke leerder is eenvoudig: jou stem hoort tussen Suid-Afrika se kunstenaars.

DIE OSEAANKLOK

By die opening van die uitstalling lui elke leerder wie se werk gekies is die Oseaanklok een keer voordat hulle instap, nie as 'n leerder nie, maar as 'n kunstenaar.
"Vandag stap jy in as 'n kunstenaar. Mag jou kreatiwiteit ander inspireer, en mag jou liefde vir die oseaan ver buite hierdie mure weerklink."

TOEKENNINGS

Pryse gaan aan die wenner in elke kategorie en fase. Ons vier ook verskillende sterkpunte met spesiale toekennings:

- Oseaan-storieverteller-toekenning
- Toekomstige Wetenskaplike-toekenning
- Jong Bewaarder-toekenning
- Innovasie-toekenning
- Beste Gebruik van Kleur
- Publieke Keuse
- Skoolhoof se Toekenning
- Gees van die Oseaan-toekenning
- Kunskoors Goue Toekenning



DIE ERFGENAME

Wat is dit?

Die Erfgename – Die Volgende Golf is 'n jaarlikse kreatiewe projek vir skole van Graad R tot Graad 12. Leerders verken een groot tema deur kuns en elke ander vak en elke skool se beste werk word by Kunskoors uitgestal. Die tema vir 2027 - Een Oseaan: Baie Stemme, Een Toekoms.

HOEKOM DIE OSEAAN EN HOEKOM 2027?

Die oseaan bedek meer as 70% van ons planeet. Dit gee ons suurstof, kos en 'n stabiele klimaat, maar dit is onder druk van plastiek, oorbevissing en klimaatsverandering. In 2027 bereik die wêreld die halfpad-punt van die VN-Dekade van Oseaanwetenskap (2021–2030), met die visie "die wetenskap wat ons nodig het vir die oseaan wat ons wil hê". Dit is 'n oomblik om stil te staan en om jongmense daaraan te herinner dat die toekoms van die oseaan deur hulle generasie gevorm sal word.

HOEKOM JEFFREYSBAAI?

As die enigste Afrikaanse kunstefees in die Oos-Kaap lê Kunskoors langs een van die wêreld se bekendste kuslyne. Ons golwe, walvisse, dolfyne, riviermondings en kusgemeenskappe maak van Jeffreysbaai 'n natuurlike klaskamer langs die see en die perfekte plek om die oseaan se storie deur kuns te vertel.

Wat ons hoop leerders kry

- Kreatiwiteit en selfvertroue
- Nuuskierigheid oor wetenskap en die natuur
- Trots op Jeffreysbaai en ons kuslyn
- Die geloof dat hulle idees 'n verskil kan maak

DIE TEMA | EEN OSEAAN: BAIE STEMME, EEN TOEKOMS

Oseane verbind lande, gemeenskappe en generasies.
Elke leerder vertolk die tema met sy/haar eie verbeelding.

DINK GROOT

Moenie leerders net vra om “die see te verf” nie. Nooi hulle uit om krities te dink. Begin met vrae soos die volgende:

- Wat sou ’n oseaan sê as dit kon praat?
- Hoe lyk hoop onder die golwe?
- Hoe sal Jeffreysbaai oor 100 jaar lyk?
- Wat leef in die oseaan waar geen mens nog ooit was nie?
- Kan robotte help om die see skoon te maak?
- Watter kleure beskryf ’n gesonde oseaan?
- Wat sou gebeur as die oseaan verdwyn?
- Watter verantwoordelikhede het ek ten opsigte van oseane?

KUNS ONTMOET WETENSKAP

Kunstenaars neem waar, vra vrae en verbeel hulle wat kan wees. Wetenskaplikes neem waar, vra vrae en ontdek wat moontlik is. Leonardo da Vinci was ’n kunstenaar, asook ’n wetenskaplike. Ingenieurs bestudeer die oseaan en seelewe om veiliger en stabiele skepe te ontwerp. Robotontwerpers boots na hoe visse beweeg.

Met hierdie projek is ’n skildery, ’n liedjie, of ’n uitvinding van toepassing. Elke leerder kan sy belangstelling en talent toepas.

HOE OM DEEL TE NEEM

Vyf eenvoudige stappe
1. Registreer u skool teen 30 Januarie 2027 deur die inskrywingsvorm te voltooi of per e-pos aan soria@kunskoors.co.za .
2. Stel die tema aan die leerders bekend. Laat elke leerder die Oseaanbelofte teken.
3. Skep ’n geleentheid: Oseaanweek – gee die leerders die tyd en geleentheid om hul kunswerke te skep.
4. Kies u skool se beste werke
5. Lewer die gekose werke af by The Studio @109 da Gama.

Inskrywingsriglyne
• Wie? Graad R tot Graad 12
• Kategorieë: Fotografie, Skilderkuns, Tekenkuns, Gemengde Media (insluitend driedimensionele kunswerke), Tekstiel
• Grootte: Maksimum A2
• Inligting agterop kunswerk: naam, graad, skool, kategorie, titel, asook een beskrywende sin oor die idee van die kunswerk.

Inskrywingsfooi en betaling
• R20 per inskrywing. Alle inskrywingsfooie word gebruik vir pryse vir leerders.
• Skole se betalings word aan Kunskoors gedoen – EFT-betaling, tesame met ’n lys van inskrywings.
• Geenfooi-skole skryf gratis in.

Belangrike datums
Sluitingsdatum: 30 Januarie 2027
Oseaanweek: April 17-23 2027
Inhandiging van kunswerke: 23 April 2027
Kunskoors en Kunskronkel: 30 April – 3 Mei 2027

OSEAANWEEK

Een tema – elke vak
Ons nooi alle skole uit om ’n Oseaanweek te hou gedurende die week wat Kunskoors voorafgaan (die laaste week in April). Skole kan dit selfs oorweeg om ’n Oseaanmaand te hou. Alle onderwysers kan deelneem in die graad waar hy/sy betrokke is.

IDEES

- Tale: stories, toesprake, debatte, koerantberigte
- Wiskunde: golfpatrone, simmetrie, meting, oseaandata
- Natuur- & Lewenswetenskappe: ekosisteme, voedselwebbe, biodiversiteit, watergehalte
- Geografie: seestrome, klimaat, kus-erosie, kaarte
- Geskiedenis: skeepswrakke, ontdekkingsreisigers, Suid-Afrikaanse kusgeskiedenis, Suid-Afrikaanse kulture
- Tegnologie & Kodering: oseaanskoonmaakmasjiene, onderwater-hommeltuie, KI – volg van walvisse en ander seelewe
- EBW, Besigheidstudie & Toerisme: eko-toerisme-idees, volhoubare besighede, Blouvlagstrande
- Musiek: oseaanklankbeelde, seeliedjies, instrumente van herwinde materiaal
- Drama & Dans: opvoerings en uitvoerings oor see-legendes, golwe, getye en migrasie
- Visuele Kunste: kunswerke vir die Kunskronkel-uitstalling

Oseaanweek bied geleenthede vir skoolprojekte waar kennis van die oseaan opgedoen kan word en leerders die geleentheid kry om die oseaan kreatief te ontdek en te bewaar.

BUITE DIE KLASKAMER

Ons klaskamer is langs die see
In Jeffreysbaai is die oseaan deel van die alledaagse lewe. Die strand word ’n laboratorium, die riviermonding ’n les oor geografie en die rotspoele word lewende museums. Neem die leerders na buite en laat hulle bekende plekke met nuwe ervarings waarneem.

Aktiwiteitsidees
- Strandwandelinge en verkenning van rotspoele
- Uitkenning van skulpe en voëls
- Skoonmaak van die strand
- Sketse – sonsopkoms op die strand
- Fotografie-uitstappies
- Besoeke aan ateljees van plaaslike kunstenaars
- Praatjies deur gassprekers, soos branderplankryers, mariene bioloë en bewaringsdeskundiges

Wenke vir onderwysers
U hoef nie al die antwoorde te ken nie. Help die leerders om kritiese vrae te vra:
- Hoekom migreer walvisse?
- Hoe beland plastiek in die see?
- Hoe kan kuns die mens laat omgee vir die oseaan?

“Hierdie projek gaan nie oor perfekte kunswerke nie, maar wel oor jongmense wat geprikkel word om nuuskierig te wees, om om te gee en kreatiewe vrae te vra en antwoorde te soek. Hulle moet ook die ervaring geniet dat hulle wel ’n verskil kan maak.”



GRAADTEMAS: GRAAD R TOT GRAAD 6

Elke fase het ’n afsonderlike tema. Die projek ontwikkel soos die leerder ontwikkel.

GRONDSLAGFASE (GRAAD R–3):

Ontdek die oseaan
Liefde vir die see. Jong kinders leer deur spel en verwondering.

- Onderwerpe: skulpe, visse, dolfyne, walvisse, golwe, seevoëls, kleure
- Kunsidees: vingerverf, skulpdrukke, sandkuns, collages van herwinde materiaal, seekleure meng
- In die klaskamer: oseaanstories en -liedjies, skulpe tel en sorteer, strande skoon hou

---

INTERMEDIÊRE FASE (GRAAD 4–6):

Lewe onder die golwe
Leerders word nuuskierige navorsers. Moedig hulle aan om kreatiewe en uitdagende vrae te vra.

- Onderwerpe: koraalriwwe, voedselkettings, kelpwoude, haaie, pikkewyne, riviermondings, plastiek
- Kunsidees: waterverf, gemengde media, drukwerk, beeldhouwerk van herwinde materiaal
- In die klaskamer: grafieke oor plastiekbesoedeling, ’n dagboek uit ’n seeskilpad se oogpunt, karteer Suid-Afrika se kuslyn

GRAADTEMAS: GRAAD 7 TOT GRAAD 12

SENIOR FASE (GRAAD 7–9): BESKERM ONS BLOU PLANEET

Leerders begin krities dink oor wêreldwye vraagstukke.

- Onderwerpe van bespreking: klimaatsverandering, oorbevissing, mariene beskermde gebiede, die blou ekonomie
- Kunsidees: omgewingskuns, installasies, fotografie, digitale illustrasies
- In die klaskamer: ontwerp ’n strandskoonmaakmasjien, hou ’n debat, skryf ’n oorredende toespraak

---

VOO-FASE (GRAAD 10–12): DIE OSEAAN VAN DIE TOEKOMS

Leerders berei voor vir loopbane en leierskap.
Daag leerders uit om dapper en innoverend te dink.

- Onderwerpe van bespreking: oseaanrobotika, KI, golfenergie, seevlakstyging, mariene genetika, toekomstige stede
- Kunsidees: konsepontwerpe, beeldhouwerk, gemengde media, digitale en installasiekuns
- In die klaskamer: ontwerp ’n onderwater-observatorium, beplan ’n eko-toerisme-besigheid, stel ’n idee vir ’n bewaringstoep voor

Toekomstige loopbane sluit mariene robotika, oseanografie, onderwaterfotografie en bewaring in.
Leerders mag dalk ’n kenner of leier word op sommige van hierdie gebiede.